### *Ons aarde is die skool vir die kinders van Elohim*

**221** "Etlike weke gelede het die onskatbare voorreg my egter te beurt geval om hierdie goddelike Meester te ontmoet, en eensklaps het alle duistere wolke verdwyn, en Elohim se lewensson straal in my siel! In die gewyde lig herken ek eers my wese en die wese van Elohim. Nou sien ek ook eers, wat ek aan Elohim, die enige heilige Vader, Hy wat die ewige die suiwerste liefde is, verskuldig is.

[2] Ek herken myself heeltemal en besef dat ek om 'kind van Elohim' te word, veral met die goddelike Gees `n baie spesiale kontrak gesluit het, voordat ek mens geword het op hierdie aarde, wat in die hele oneindigheid die enigste bestemming is om ons soos kinders van Elohim te dra ten behoewe van die opvoeding en tug volgens die ewige orde van die Liefde van Elohim.

[3] Kyk na bo, alle ontelbare sterre is wêrelde, baie groter en mooier as hierdie aarde en op elkeen van die wêrelde sal jy mense vind wat uiterlik heeltemal soos ons lyk, en oral tref jy baie wysheid by hulle aan en ook ontbreek die liefde hulle nie volledig nie. Hulle kom egter, so ongeveer soos die aardse diere, reeds volmaak in wêreld in en hoef nie van die begin af alles te leer wat hulle moet en wil weet nie. Die taal is byna oral dieselfde en hulle kennis het baie bepaalde grense, maar orals gaan die kennis tot by die hoogste goddelike gees, welke kennis egter tog meer `n vermoede is as `n wete.

[4] Kort en goed, op al die tallose hemelliggame tref jy mense aan wat bykans gelyk is aan die meer ontwikkelde heidene van hierdie aarde, alleen met die verskil dat die mense op hierdie hemelliggame eintlik niks nuuts bedink nie. Wat daar is, is daar so volmaak as moontlik, terwyl die heidene op ons aarde tog altyd iets nuuts kan uitvind, sodat die weg na `n eindelose, altyd verdergaande vervolmaking nie êrens daardeur vir hulle versper word nie.

[5] Op die groot wêrelde bevind hom hier en daar egter ook wyses, wat af en toe in `n sekere sin saamkom met hoë geeste om hulle deur hulle te laat onderrig in die diepere kennis van Elohim. Soms gebeur dit dan dat daar één, wie se gees meer ontwikkel is, die verlange kry om óók `n kind van Elohim te word!

[6] Want op alle wêrelde weet die wyses, wat aan hulle geopenbaar word deur die hoë geeste, dat in die uitgestrekte skeppingsruimte `n wêreld is waarop die mense kinders van Elohim kan word, en dat `n siel, wanneer sy op haar wêreld afstand gedoen het van haar liggaam, op die gelukkige wêreld opnuut weer `n liggaam kan kry, wat dan egter wel heeltemal grof vleeslik is. Vanaf die oomblik dat iemand dit ernstig wil, word hom haarfyn uitgelê wat hy op hierdie wêreld sal moet maak.

[7] Die siel sal elke herinnering aan die vroeëre aangename toestand, sodanig ontneem word dat sy op die nuwe wêreld, uit `n vrou ter wêreld gekom het in `n onvolmaakte liggaam, haarself byna in die heeltemal bewustelose, laagste dierlike toestand bevind en haar selfs van die nuwe bestaan nie die minste kan voorstel nie. Eers geleidelik aan, so ongeveer na `n jaar, begin sy `n heeltemal nuwe bewussyn te ontwikkel uit die beelde, verskynsels en waarneming wat die sintuie waarneem. Haar geheue is die verste herinnering aan wat beleef word, en is dan die enigste wegwysers en hulpmiddele op die nuwe lewensweg op hierdie aarde. Daar kom geen hoë geeste, deur Elohim gestuur, om die kind `n hoë en diepere kennis te leer nie, maar die ouers met hulle opgedoende ervarings moet hulle bes doen om die kind op `n beter weg te bring. Die kind moet dan baie leer, moet self sy weg bepaal, moet soek en vra, moet angs, honger, dors, allerlei pyn en ontberings verdra, moet hom deur en deur laat verdeemoedig en aan die einde van so `n lewe kom daar dan meestal `n pynlike en swaar siekte om die vleeslike mens die lewe te ontneem.

[8] As die mens al die vereistes en voorgeskrewe lewensvoorwaardes vervul het en as hy Elohim bo alles liefgehad het en sy naaste - selfs as sy ergste vyand hom vervolg het – hom nog meer as homself liefgehad het, dan het hy in homself in die hart van sy siel gelegde vonk van die goddelike gees lewe gegee en tot groei aangesit.

[9] Dan eers groei Elohim in die mens, deurdring die siel, maak haar aan Hom gelykwaardig en maak en help so die natuurmens uit die diepste slyk van die verganklikheid tot `n kind van Elohim, wat hom in die volmaakte toestand verheug in al die volmaakthede wat in Elohim Self aanwesig is.

[10] Kyk, vriend Murel, wat ek jou nou so algemeen en so kortliks moontlik vertel het, dit word presies so aan `n mens op `n sterrewêreld uitgelê en as hy dit dan volkome ernstig verlang, verloor hy in `n oogwink sy fyn stoflike liggaam en word onbewus, maar baie vinnig, na hierdie aarde gebring om mens te word en daar staan so `n mens dan nou voor jou, net soos ek en jy nou self.

[11] Is dit vir jou nou duidelik dat ons vroeër, voordat ons op hierdie aarde sou gekom het, vrywillig met JaHWeH Elohim `n kontrak gesluit het?

[12] Maar Elohim hou onveranderlik Sy woord uit Sy ewige orde, niks kan Sy bedoeling verander nie. Of ons dit ook altyd gedoen het volgens die wet, wat Hy

Self vir alle mense deur Moses en deur die aartsvaders van hierdie aarde gegee het en tewens in elke mensehart geskryf het, dit is `n ander vraag!

[13] Ons sal ons van nou af aan beslis daarby moet hou, daaraan twyfel ek nie. Maar dit lê nie deur óns inspanning nie, maar slegs deur die ontferming van Elohim. - Sê my nou, of jy met hierdie geringe wysheid tevrede is!"

### *Philopold se terugblik op die vorige lewe*

**222** **Murel** sê: "Luister, vriend Philopold, daar het jy my nou dinge uit die doeke gejaag wat niemand ooit vroeër vermoed het nie! Dit is tog wel `n opeenstapeling van wonders. Sê my nou eers in volle erns of jy dit tog nie gefantaseer het nie! Want dit klink so vreemd en buitengewoon soos van die eerste fabels van die heidense geloof.

[2] Dit kan trouens ook waar wees; wat ek nie kan beoordeel nie, omdat my kennis van die sterre werklik my swakste punt is! Wie sou hom egter ook maar kan verbeel dat die sterre, wat klein ligpuntjies aan die hemel is, wêrelde sou wees en dan ook nog groter as ons aarde, waarvan nog geen mens ooit die einde gesien het nie?!

[3] Ek vra jou, besweer dit in my; want jy het in my `n magtige verlange gewek om nou in hierdie baie gedenkwaardige saak verder ingewy te word! In Moses is daar werklik geen spoor daarvan te vinde nie, selfs nie die geringste aanduiding nie, want in sy skeppingsgeskiedenis staan daar geen enkel woord daaroor geskryf nie. Geen mens kan tog alles verstaan wat hy eintlik met sy Genesis wou gesê het nie!"

[4] **Philopold** sê: "Vriend! Wie Moses goed verstaan, sal dit ook daarin vind. Maar daar is natuurlik meer daarvoor nodig as net die woordelikse teks om hom in die geheue in te prent! Wie maar ooit Elohim bo alles sal liefhê, sal van die Gees van Elohim die regte verklaring kry en sal dan ook weet dat die Genesis van Moses nie soseer die feitelike skepping van die wêrelde weergee nie, maar veeleer en eintlik bó alles die geestelike opvoeding en vorming van die hele mens en sy vrye wil, in- en oorgaande in die goddelike orde. Wie dit sal verstaan en insien, sal dan ook weldra die ander insien omdat dit langs die weg van die onmiskenbare analogie daarin te vinde is, wat ek jou self baie konkreet en duidelik sou kon aantoon. Maar daarvoor sou die tyd nou te kort wees.

[5] Maar ek het iets anders, wat my deur die wondervolle barmhartigheid van die Meester, wat Hom hier in ons midde in alle waarheid selfs liggaamlik so bevind soos alle profete Hom nougeset aangekondig het, as `n onweerlegbare bewys van bo wat in ons hand gespeel word.

[6] Toe die Meester ons vanuit Kis in Kana besoek, was daar soos nou ook `n hemelse gees, bekleed met `n eteriese liggaam, by ons aanwesig. Hierdie engel neem op bevel van die Meester die blinddoek oor die oë van my siel weg en op daardie selfde oomblik kom die volle bewussyn van my bestaan op `n gevraagde vraag oor die ander wêreld in my herinnering terug.

[7] Ek herken dadelik die heerlike, groot wêreld waarop ek was vóórdat ek hierdie bestaan gehad het op hierdie aarde waar ek liggaamlik geleef en gewerk het, ja, ek sien selfs my liggaamlik lewende en werkende ouers en geliefde broers en susters, en die engel besorg my selfs hier op hierdie aarde sekere dinge wat daar aan my behoort het, wat ek dadelik as onteenseglik werklik herken het as my eie.

[8] Toe so `n reusagtige geestelike lig voor my ontsteek word, sien ek ook, wat ek alles aan JaHWeH Elohim, en nou selfs die liefdevolle Vader, alreeds skuldig is!

[9] Eers vanaf daardie oomblik verstaan ek die onskatbare waarde van my lewe, asook van die lewe van elke mens, en ek kan JaHWeH Elohim en al my medemense nie genoeg loof, liefhê en prys nie!

[10] Vóór die wonderdaad het ek egter as mens net so vyandig teenoor die lewe gestaan soos jy, maar ek is by voorbaat daarvan oortuig dat jy binnekort net so sal wees en dink soos wat ek nou dink en is. Vir die waarheid van wat ek jou nou vertel het, kan bykans almal aan hierdie tafel volledig daarvoor instaan, as jy dit sou vra.

[11] Die grootste, geloofwaardigste getuie onder hulle is egter die Meester Self, wat jou na my toe gestuur het om van my te hoor of `n mens, soos wat jy dink, JaHWeH Elohim geen dank en geen lof en geen liefde verskuldig sou wees nie!"